## Les 6 ISRAEL IS 'N KLOMP BANG MENSE WAT NOU SKIELIK GOD SE BAAS WIL WEES.

1. **Israel maak of hulle sterk is.**
Verlede keer het ons gesien Israel wil nie die Here liefhê soos wat die Here vir hulle sê nie. Hulle wil die Here se baas wees net soos wat die Egiptenare hul gode se baas was. Om te wys hoe sterk en magtig hulle is, maak hulle toe vir hulle die beeld van 'n bul uit God en hulle maak sommer hulle eie geloof op. Hulle eie geloof wat hulle sommer so self opmaak klink só: [4] Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!" Hulle sê die bulkalf het hulle uit Egipte bevry van die wrede koning Farao se mag. Op hierdie manier wys die Israeliete dat hulle glo dat hulle eintlik so groot en sterk is, dat hulle sommer self uit Egipte getrek het, net soos wat hulle sommer gou-gou self vir hulle 'n god uitgedink en gemaak het.

Is hulle so dapper, sterk en magtig as wat hulle nou hier wys en te kere gaan?

Kom ons kyk hoe dapper was hulle toe hulle uitgerek het en wat het hierdie kalf alles vir hulle gedoen!

2. **Israel is te bang om op die groot pad na hulle land te trek.**
Kom ons lees uit Exodus 13 oor watter pad het hulle gevat toe hulle uit Egipte getrek het. "17 Toe die farao die volk laat trek het, het God hulle nie die pad na die land van die Filistyne toe laat vat nie, hoewel dit die kortste was, want Hy het gesê: "As die volk in 'n geveg betrokke raak, kan hulle dalk spyt kry en na Egipte toe teruggaan." [18] "Daarom het God die volk met 'n ompad laat gaan, met die woestynpad in die rigting van die Rietsee. Die Israeliete het goed georganiseerd uit Egipte getrek ....[21]"

Hulle was so bang om te trek en hulle was so bang vir die Egiptenare dat hulle nie die kortpad na die land Israel toe kon vat nie. Met hierdie pad sou hulle binne 'n paar weke binne in Israel gewees het. Maar op hierdie pad was daar baie soldate van Egipte. Hulle was soos die verkeerspolisie van vandag. Hulle was so baie geslaan en seergemaak gewees deur die Egiptenare dat hulle sou sommer dadelik bang word en weer terugdraai na Egipte toe as hulle hierdie soldate sien.

Hulle was nie sterk en magtig nie. Die Here wys dat as hulle in 'n geveg betrokke sou raak met die Egiptenare, sou hulle bang geword en omgedraai het.

3. **Die Here bly by hulle en lei hulle uit Egipte**.
Die Here het nie vir hulle beveel om uit Egipte te trek en toe los Hy hulle om alleen te trek op hulle eie nie. Hulle sou te bang gewees het om self te trek. Kyk wat doen die Here toe omdat hulle te bang en deurmekaar is om self te trek: " Die Here het bedags met 'n wolkkolom voor hulle uit gegaan om vir hulle die pad te wys en

snags met 'n vuurkolom om vir hulle lig te verskaf, sodat hulle dag en nag kon trek. [22]
Die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags het altyd voor die volk gebly."
Die Here het met wolke vir hulle gewys waarheen hulle moet trek. Die Here self maak wolke en hierdie wolke het die Here gebruik om hulle te wys hulle moet net agter Hom aankom. Hy sel lei hulle uit Egipte uit. Waar is daardie bulkalfie van hulle? Daar was nie eers 'n bulkalfie iewers in iemand se bagasie weggesteek nie. Hulle het nie eers geweet van 'n goue bulkalfie nie. Dit was God wat met wolke vir hulle gelei het. In die nag het hierdie wolke op 'n manier 'n vorm van ligglans afgegee sodat hulle nie net in die dag getrek het nie. Maar hulle het ook in die nag getrek. Onthou hulle het nie karre met ligte of strate met ligte gehad nie. Hulle moes in die stikdonkerte in die veld trek.

Het hierdie bulkalfie vir hulle lig gemaak? Daar was nie eers so bulkalfie iewers naby nie. Daar het nie eers so 'n bulkalfie bestaan nie. Dit was die Here wat by hulle was en hulle gehelp het om vinnig in die donker weg te trek van al die soldate wat nie in die donkerte kan trek nie.

4. **Die Here maak die Egiptenare te haastig en deurmekaar**.
Die Here het nie net mag oor sy kinders nie. Die Here het mag oor alle mense. Kyk hoe maak die Here ander mense te haastig en deurmekaar om die regte plan te maak om sy kinders in hulle mag te kry. **14** Die Here het vir Moses gesê: [2]
"Beveel die Israeliete om weg te draai en kamp op te slaan naby Pi-Hagirot tussen
Migdol en die see. Regoor Baäl-Sefon by die see moet julle kamp opslaan. [3] Dan sal die
farao dink die Israeliete het verdwaal en is deur die woestyn vasgekeer. [4] Ek sal die farao
weer koppig maak, sodat hy julle agtervolg, en Ek sal my mag laat geld teen hom en sy
leër. Dan sal Egipte besef dat Ek die Here is." Die Israeliete het die bevele uitgevoer. [5]
Toe die koning van Egipte die berig kry dat die volk vir goed weg is, het sy houding en
dié van sy amptenare teenoor die Israeliete verander. Die Egiptenaars het gesê: "Wat het
ons aangevang dat ons die Israeliete laat trek het? Nou is ons hulle diens kwyt!" [6] Die
farao het sy strydwa laat inspan en sy leër saam met hom gevat. [7] Hy het sy ses honderd
beste strydwaens gevat, asook al die ander Egiptiese strydwaens, elkeen met 'n
bemanning van drie. [8] Die Here het die farao, die koning van Egipte, koppig gemaak
sodat hy die Israeliete agtervolg het, maar die Israeliete het onder die beskerming van
God verder getrek."

God maak die Farao so kwaad dat hulle nie mooi sit en goeie planne maak om weer die Israeliete te vang nie. Hy hoor hulle trek so kruis en dwars rond. Die Here laat hom dink dit is die Israeliete wat deurmekaar is. Hy gaan hulle sommer nou gou-gou weer vang. Maar dit is God se manier om te keer dat die koning goeie planne maak.

Waar is daardie goue kalfie nou? Hy is nêrens nie. Hy het niks gedoen om die Egiptenare deurmekaar te maak nie. Net God het alles gedoen om te keer dat die Egiptenare goeie planne maak om sy kinders weer te vang en slawe te maak.

5. **Die Israeliete wil eerder bang slawe wees as dapper vegters.**
Wat gebeur toe die Israeliete die soldate van die koning sien agter hulle aankom? Het hulle vol selfvertroue en dapper gesê:" Kom ons staan en baklei vir ons vryheid!", "Ons gaan veg tot die laaste man, ons gaan ons nie weer slawe laat maak nie" of " Ons gaan veg vir ons vryheid en met ons lewe en bloed betaal vir ons vryheid"? Kyk 'n bietjie wat doen hulle!
9 Die Egiptenaars het hulle agtervolg, en al die strydwaens van die farao met bemanning en leërmag het hulle ingehaal terwyl hulle besig was om by die see kamp op te slaan,
naby Pi-Hagirot regoor Baäl-Sefon.
10 Toe die farao nader kom, sien die Israeliete skielik die Egiptenaars sit hulle agterna. Hulle het baie bang geword en benoud na die Here
geroep.
11 Hulle het vir Moses gesê: "Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte
laat trek het?
12 Ons het jou mos in Egipte gesê om ons te laat staan dat ons vir die Egiptenaars werk. Dit is vir ons beter om vir hulle te werk as om hier in die woestyn om te kom."

Hulle is so bang en verskrik dat hulle sommer dadelik vir Moses kwaad is en hom sleg sê. Hulle sê hulle wou nooit self uit Egipte wegtrek nie. Hulle wou daar bly! Hulle wil maar eerder slawe gebly het. Klink dit soos dapper, magtige en groot base! Nee, hulle het bang groot geword en wou eerder hulle hele lewe lank bang leef as om dapper te veg vir hulle vryheid, regte en eie lewe!

**6. Here lei sy kinders droog deur 'n Rietsee maar laat die soldate van Egipte verdrink.**

Wat doen God sy bang kinders? Hy veg self vir sy bang kinders Kom ons kyk!
13 Maar Moses het die volk geantwoord: "Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle
nooit weer sien nie.
14 Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg."
15 Toe het die Here vir Moses gesê: "Waarom roep julle so benoud na My? Sê vir die Israeliete hulle moet
verder trek.
16 En jy, lig jou kierie op en steek jou hand oor die see uit en kloof dit oop
sodat die Israeliete op droë grond kan deurgaan.
17 Ek sal die Egiptenaars so koppig maak dat hulle die Israeliete sal agtervolg. So sal Ek my mag laat geld teenoor die farao en sy
hele leër: strydwaens en bemanning.
18 Wanneer Ek my mag laat geld teenoor die farao,
sy strydwaens en hulle bemanning, sal Egipte besef dat Ek die Here is."
19 Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter
hulle plek ingeneem. Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif,
20 tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker en aan die Israelitiese kant het dit die nag verlig. Die hele nag deur het die twee groepe nie
nader aan mekaar gekom nie.
21 Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind weggedryf, sodat die water oopgekloof
en die see daar drooggelê is.
22 Die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan, en
die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan.
23 Die Egiptenaars het hulle agternagesit: die farao se perde, strydwaens en bemanning is almal agter hulle aan die see
in.
24 In die vroeë môre het die Here uit die vuur- en wolkkolom afgekyk op die Egiptiese

leër en verwarring onder hulle gesaai. [25] Hy het die wiele van hulle strydwaens laat uitval,
sodat hulle skaars kon beweeg. Toe sê die Egiptenaars: "Ons moet wegkom van die
Israeliete af, want die Here veg vir hulle teen Egipte." [26] Maar die Here het vir Moses
gesê: "Steek jou hand uit oor die see sodat die water oor die Egiptenaars, oor hulle
strydwaens en bemanning kan stroom." [27] Moses steek toe sy hand oor die see uit. Teen
dagbreek het die see teruggestroom oor sy bodem en die Egiptenaars het hulle teen die
water vasgevlug: die Here het hulle deur die see laat meesleur. [28] Toe die water
terugstroom, was die strydwaens en bemanning, die hele leërmag van die farao wat agter
die Israeliete aan die see in is, tóé onder die water. Daar het nie een van hulle oorgebly
nie. [29] Maar die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan en die water het
weerskante van hulle soos 'n muur gestaan. [30] Die Here het Israel daardie dag gered van
Egipte, en die Israeliete het die Egiptenaars dood op die strand sien lê. [31] Toe Israel sien
hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle
het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar."

Die gebied waardeur die Here sy kinders laat trek het word die "Rietsee" genoem. Dit is die stuk land waardeur die Suez kanaal tussen Egipte en Palestina loop. Dit was 'n gebied met binnelandse mere. Dit is ons ons taal vleilande.

Die Here is die Here wat die wind laat waai. Hy maak die hoog en laagdrukstelsels waardeur winde veroorsaak word. So is God elke dag besig om winde te maak wat wolke oor die aarde laat trek om vir almal reën te gee. Die Here laat een van hierdie mere in die middel droog waai. Nou trek die Israeliete deur die meer op droë grond.

Die Here hou ook deur wolke en mis die Egiptenare in die nag weg. Hulle kan nie deur die wolke en mis sien nie. Maar vir die Israeliete gee die Here weer die ligglans uit die wolke sodat hulle kan sien. Die oggend vroeg terwyl die Egiptenare nog in die middel van die meer is, gaan die wind weg en hulle word in die meer vasgevang en verdrink.

Die Egiptenare wou die Here se kinders vang en doodmaak. Maar die Here vang hulle binne die meer vas en laat hulle verdrink.

Wie het die wind laat waai? Die Here of die kalfie? Wie het die Wolke en die mis as beskerming gegee: die Here of die kalfie? Wie het die lig in die donker gegee: Die Here of die kalfie? Wie het die wind weggevat en die Egiptenare in die water vasgevang: die Here of die kalfie?

Dit was net God! En hulle het dit geweet! Kyk weer wat het hulle gedoen toe hulle sien ons is droog deur die meer en daar lê al die soldate verdrink in dieselfde meer! [31] Toe Israel sien hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar."

Israel wys hy is nou baas en kan sy sommer sy eie God maak – maar dit is lieg! Hulle was en is nog altyd ’n bang klomp. En die kalfie was nêrens toe God alles vir hulle gedoen het nie. Dit is hoe bang mense maak. As hulle skielik nie meer geslaan, geboelie en verander word nie – dan dink hulle nou is hulle die nuwe baas. Hulle wil nie lief wees vir God en mense nie. Hulle wil baas wees net soos die mense wat hulle seer en stukkend gemaak het.

**Opdrag.**
Gaan vertel vir enige grootmens wat het die Here alles gedoen, maar wat die Israeliete gemaak het asof dit hulle goue kalfie was: die Here het hulle self uit Egipte met wolke gelei, die Here was die hele tyd by hulle sodat hulle nie moet bang wees nie, die Here het die Egiptenare haastig en deurmekaar gemaak sodat hulle nie mooi gedink het wat doen hulle nie, die Here het die wind die meer laat droog waai vir die Israeliete, maar die water weer laat terugvloei vir die Egiptenare.

En toe maak die Israeliete na die tyd asof dit hulle beeldjie was wat hulle na die tyd gemaak het wat al hierdie wonderlike dinge vir hulle gedoen het.

Onthou hoekom: omdat hulle bang was en nou weer ander mense wil laat bang wees – hulle wil nie God en mense liefhê soos wat die Here in sy wet wys nie.